

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 22

Inleiding

Die eerste 5 verse van hoofstuk 22 hoort nog by hoofstuk 21 omdat dit Die openbaring van die Nuwe Jerusalem en wat alles binne die stad gebeur, afrond.

Hoofstuk 21 rond die openbaringe wat die Here vir Johannes gegee het af. In hierdie hoofstuk word die versekering gegee van die waarheid en egtheid van die openbaringe wat opgeteken is. Daarna word die ware gelowiges aangespoor om die inhoud van hierdie boek ter harte te neem

Omdat die boek Openbaring letterlik 'n samevatting is van die hele Bybel, geld vers 19 die hele Bybel:

En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. (Openbaring 22:19 AFR53)

Vers 1-5

En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid. (Openbaring 22:1-5 AFR53)

Die engel neem Johannes verder op 'n besigtigstoer deur die Nuwe Jerusalem. Dit duidelik dat Johannes nie alles te siene kry nie. Die engel wys net die dinge wat belangrik is vir die gelowiges op die aarde om hulle aan die beloftes van God te laat vashou.

Die engel gaan wys vir Johannes 'n rivier wat deur die Nuwe Jerusalem loop. Die water is helder – silwer skoon. Dit toon dus verder watter volmaakte heilsgenietinge die gereddes in die stad van God geniet.

Hierdie helder stroom water is die simbool van God se genade in die Here Jesus Christus. Die rivier is die vervulling van die water van heil waarna die Bybel eerder al verwys het. Dit is die openbaring van die volle verlossing in die Here Jesus Christus.

Om hierdie beeld te verstaan, kan die volgende Skrifgedeeltes bestudeer word:

U is 'n fontein van die tuine, 'n put met lewende water wat van die Líbanon afvloei. (Hooglied 4:15 AFR53)

o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! (Jesaja 55:1 AFR53)

Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie.

(Jeremia 2:13 AFR53)

o HERE, Verwagting van Israel! almal wat U verlaat, sal be-skaamd staan; wie van My afwyk, sal op die aarde geskryf word; want hulle het die HERE, die fontein van lewende water, verlaat.

(Jeremia 17:13 AFR53)

Jesus antwoord en sê vir haar: As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het. (Johannes 4:10 AFR53)

Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. (Johannes 7:38 AFR53)

Die rivier/stroom van water simboliseer die oorfloed van heil wat deur die Here Jesus voorsien word – dis meer as wat gebruik kan word. Dis 'n rivier vol water wat verbyloop.

Hierdie openbaring teken die skrilte kontras tussen wat in die Nuwe Jerusalem beskikbaar is vir die wat die Lam aanbid teenoor wat in die hel beskikbaar is vir diegene wat daarin gewerp word! Vergelyk hiervoor byvoorbeeld Lukas 16:24:

En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam.

(Lukas 16:24 AFR53)

Die stroom van lewende water is die simbool van die verkondiging van verlossing deur die Here Jesus Christus. In die gesig aan Johannes vloei die stroom van lewende water uit die troon van God en van die Lam.

Hierdie waterstroom wat Johannes in Openbaring 22 sien, is die vervulling van die profesie van die profeet Esegïel:

Daarna het hy my teruggebring na die ingang van die huis, en kyk, daar het waters uitgestroom onder die drumpel van die huis uit, na die ooste toe; want die voorkant van die huis was na die ooste toe; en die waters het weggevloei onder die regtersymuur van die huis uit, suid van die altaar. En hy het my uitgebring deur die noordpoort en my buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk; en kyk, die waters het gekabbel uit die regtersymuur uit. Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetsnoer in sy hand, het hy duisend el gemeet; en hy het my deur die waters laat deurgaen — waters tot aan die enkels. Toe het hy nog duisend gemeet en my deur die waters laat deurgaen — waters tot aan die knieë; en hy het nog duisend gemeet en my laat deurgaen — waters tot aan die heupe. Verder het hy nog duisend gemeet — 'n stroom wat ek nie kon deurgaen nie! Want die

waters het opgerys — waters om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie.

(Esegiël 47:1-5 AFR53)

Daar is nog meer dinge wat aan die Nuwe Jerusalem herinner. Adam en Eva is weggejaag uit die Paradys sodat hulle nie van die boom van die lewe kon eet nie. Hierdie boom van die lewe is terug op die Nuwe Aarde en groei op twee plekke:

- Dit groei in die middel (op die middelman) van die strate.
- Die boom groei oop op die oewers van die stroom van lewende water.

Die boom is anders as aardse bome. Hierdie boom dra reg deur die jaar vrugte. Hy is so vrugbaar dat hy maand na maand sy vrugte gee. Dit simboliseer die oorfloed van God se genade oor ons.

Sowel die vrugte as die blare is doelmatig. Die vrugte om te eet en die blare om die nasies se genesing te bewerk:

... weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.

(Openbaring 22:2 AFR53)

Die feit dat die boom se blare die nasies gesond maak, beteken nie dat daar na die dood steeds bekering sal plaasvind nie. Dit sien op die gebeur wat nou plaasvind. Dit wys daarop dat die getal van die uitverkorenes besig is om vol te word.

Daar is nog 'n opsig waar die Nuwe aarde en die Nuwe Jerusalem aansluit by die gebeure rondom die sondeval. Tydens die sondeval het die Here Adam en Eva weggejaag uit die Paradys. Hy het die aarde vervloek! Deel van Adam se straf was die Here se woorde in Genesis 3:

En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.

(Genesis 3:17, 18 AFR53)

Die klem val swaar op die woorde: **vervloek is die aarde om jou ontwil!**

In die Nuwe Jerusalem is die toestand heeltemal opgehef:

Daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. (Openbaring 22:3 AFR53)

Die vloek van God word in sy geheel deur die versoening van die Lam van ons af weggeneem.

Johannes skryf baie duidelik dat die inwoners van die Nuwe Jerusalem die Here sal sien! Moses wou eenkeer die Here sien. Die Here het geantwoord:

Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.
(Eksodus 33:20 AFR53)

Hier op aarde kon ons as gevolg van die sonde nie die Here sien en bly lewe nie. In die Nuwe Jerusalem verander die Here die toestand. Daar sal ons Hom sien!

... sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien,... (Openbaring 22: 3b, 4a AFR53)

Die volle majesteit van God skitter oor almal wat in die Nuwe Jerusalem is. Omdat almal wat dan in die Nuwe Jerusalem is, volmaak sal wees, sien hulle God wat alles in almal is in sy volle heerlijkheid.

... sy Naam sal op hulle voorhoofde wees...

Die feit dat die Here ons sy eiendom maak kom na vore daarin dat ons sy Naam mag dra. In die heilige teenwoordigheid van die Here is sy Naam op die verlostes se voorkoppe geskryf.

Daar staan meer dinge in die hiernamaals op ons voorkoppe geskryf. Dit word geopenbaar in Openbaring 3:12:

Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam. (Openbaring 3:12 AFR53)

Daar sal in die volmaaktheid by God geen behoefte wees aan dinge soos 'n lamp se lig wat moet skyn, of die lig van die son of die maan wees nie. Die rede is voor die hand liggend: Die heerlijkheid van God skyn vir ewig sy lig oor ons almal uit.

Die Here beklemtoon in hierdie gedeelte van die openbaring aan Johannes weer 'n keer 'n saak van uiterste belang wat Hy al vantevore ook openbaar het:

en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.
(Openbaring 22:5b AFR53)

Die gereddes is nie konings sonder meer nie. Hulle regeer saam met die Lam. Die woorde van Openbaring 22:5 moet saamgelees word met Openbaring 11:15:

En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. (Openbaring 11:15 AFR53)

Die gereddes se koningskap is dus in gemeenskap met die Here Jesus Christus en ook deur Hom.

Vers 6, 7

En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou

moet gebeur. Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar. (Openbaring 22:6, 7 AFR53)

In hierdie twee verse is die Here Jesus aan die woord. Hy gee die versekering dat alles wat vir Johannes gesê is en wat aan hom geopenbaar is, die waarheid is. Dit is betroubaar.

Die betroubaarheid van die openbaring wat Johannes ontvang, sowel as die betroubaarheid van die werk wat deur die Lam van God (die Here Jesus Christus) gedoen het om die volle verlossingsraad van God (= die inhoud van die boek Openbaring) tot uitvoering te bring, is **betroubaar**.

Die betroubaarheid van die Here Jesus word regdeur die boek Openbaring beklemtoon. By herhaling staan dit neergeskryf:

Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! (Openbaring 1:4-5a AFR53)

Weer 'n keer:

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: (Openbaring 3:14 AFR53)

Die openbaring in en deur die Here Jesus Christus is ook waar:

En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: (Openbaring 3:7 AFR53)

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: (Openbaring 3:14 AFR53)

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. (Openbaring 19:11 AFR53)

Die beklemtoning van die betroubaarheid en die waarheid van die openbaring deur die Here Jesus Christus is dus nie iets wat deur mense uitgedink nie. Die begroning vir die vastheid daarvan lê in die Godheid van die Here Jesus Christus

Die woorde in Openbaring 22:6 moet saamgelees word met twee ander soortgelyke uitsprake in die boek Openbaring. Daaruit is die logiese gevolgtrekking dat die Here die hele boek Openbaring in gedagte het. Alles wat in die boek Openbaring geskryf staan (omdat dit aan Johannes geopenbaar is) is die volle betroubare waarheid.

Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. (Openbaring 19:9 AFR53)

En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. (Openbaring 21:5 AFR53)

Die konsekwensies hiervan is dat die hele Bybel ingesluit is in hierdie uitspraak van die Here, want die boek Openbaring berus op beloftes en profesieë en hulle vervullings wat uit die Ou Testament kom. Baie dinge in die boek Openbaring berus ook op geskiedenis wat in die Ou Testament al gebeur het, en waarna die boek Openbaring terugverwys.

Omdat die boek Openbaring dikwels terugverwys na uitsprake van die profete, lê die Here self die band tussen hierdie openbaring aan Johannes en die profesieë wat eeue lank al deur die profete aan die gelowiges oorgedra is:

... die Here, die God van die heilige profete. (vers 6)

Dieselfde God wat die profete laat optree het, is ook in hierdie openbaring aan die werk. Dit is inderdaad 'n samevatting van die Hele Bybel, met die klem daarop dat dieselfde God wat Homself nou openbaar ook die God is wat die profesieë gegee het.

Om die grootheid van God teenoor die van ons wat skepsele is, sterker te laat uitkom, sê die Here ... **het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur.** (vers 6)

Jesus Christus is God self. Hy het aarde toe gekom – volgens God se Raadsplan – Om die Raad van God aan die mense te openbaar en om die verlossingsraad uit te voer. Hy verskyn aan Johannes en dra die openbaring van God aan hom oor.

Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, (Openbaring 1:1 AFR53)

Daarom doen die Here 'n sterk beroep op die mensdom om die woorde van hierdie profesie te bewaar. Dit beteken dit moet geken en onderhou word in elkeen se lewe!

Vers 8, 9

En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God. (Openbaring 22:8, 9 AFR53)

Johannes is baie diep onder die indruk van die geweldige dinge wat die Here aan hom geopenbaar het. Daarop beklemtoon hy dubbeld – **ek, Johannes** – het hierdie openbaring gesien en gehoor en neergeskryf.

Nota: Dis nie eie aan die Koinê Grieks om so 'n dubbele versekering te gebruik nie. Wanneer dit wel voorkom, soos hier, bedoel dit om die saak so sterk as wat moontlik is, te beklemtoon.

Daarmee wil Johannes dit so duidelik as moontlik stel dat hy nie hierdie dinge versin of uitgedink het nie. Dit werklikheid en waar.

Hy skryf ook dat die oomblik so geweldig was, dat hy voor die voete van die engel wou neerval en die engel aanbid. Die engel het hom verbied en daarop gewys dat hy – net soos Johannes – 'n mede dienskneg van God is!

Let wel: Die engel wys daarop dat hy in dieselfde kategorie val as die profete en al die mense wat die inhoud van hierdie boek bewaar. Die waarskuwing en opdrag is dus dubbeld en duidelik: Bewaar die inhoud van hierdie boek!

U verstaan dat daar 'n baie groot moontlikheid is dat elkeen van ons in ons aanbidding kan verdwaal en uiteindelik die grimmigheid van die Here oor ons kry.

Die saak is so ernstig dat ons hieroor moet besin. Kom ons begin hierdie saak baie prakties: hoe sien mense 'n geloofsluwe normaalweg? Hulle sal sê ons moet nie vloek nie, en ons moet nie drink nie en ons moet nie steel en hoereer nie. Daarby moet ons redelik gereeld kerk toe gaan.

Is so 'n siening soos hierdie een reg? Is dit al? Die antwoord is dat dit nie reg is nie. Hierdie is maar 'n paar praktiese uitvloeisels van geloof. Geloof self is iets heeltemal anders en baie groter as net hierdie paar praktiese dinge.

- Geloof is 'n gewisse kennis van God se Woord. Dit is nie net 'n paar stukkie moralisme nie. Dit is om die volle inhoud van God se openbaring te ken.
- Geloof is verder om te weet dat die volle openbaring van God op jou betrekking het.

Let in hierdie gedeelte op hoeveel keer die engel vir Johannes gesê het dat al die dinge van die hiernamaals gaan oor die woorde en profesieë van die Here. Hy het gesê:

- **Hierdie woorde is betroubaar en waar. Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur.** (v. 6).
- **Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.** (v. 7).
- **... ek is 'n mededienskneg van jou... en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.** (v. 9).
- **Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is** (v. 18, 19).

Een ding wat baie sterk op die voorgrond tree, is dat die engel beklemtoon dat die hoorders en lesers moet weet wat God geopenbaar het.

Hierdie openbaring is so belangrik dat God net al die mense red wat met die inhoud van hierdie volle openbaring vertrou is, en wat hulle daarby hou.

Waar kom al die valse gelowe in die eindtyd vandaan? Die antwoord is eenvoudig: kort-kort is daar iemand wat beweer dat hy die een of ander openbaring gehad het en dan stig so 'n persoon 'n nuwe geloof.

- Die eienaardige is dat hulle almal aanhangers kry. Dit is dus doodgewoon mense wat ander mense mislei.
- Al klink dit hoe onverstaanbaar, is dit net so dat daar mense is wat maklik 'n heldeverering (en selfs aanbidding) vir ander mense voel.

Dit is ook nie so vreemd nie. Kyk net wat lees ons van die apostel Johannes. Ons lees in twee hoofstukke wat sommer baie naby aan mekaar is dat Johannes die engel wat hom in hierdie openbaring bygestaan het wou aanbid:

En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid...

In Johannes se geval het die engel Johannes gekeer:

... maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie. (Openbaring 19:10 AFR53)

Let op na die gevaar: Johannes is in die hemel, en tog raak hy verward, want hy val sommer voor die engel se voete op sy knieë neer om hom te aanbid.

- Die Here gebruik hierdie gebeurtenis om te wys hoe 'n mens se onderskeidingsvermoë hom in die steek kan laat.
- Johannes een van die groot Godsmanne kon op daardie oomblik nie onderskei en sien dat die engel 'n mededienaar en 'n skepsel net soos hyself was nie.

Iets van sy onderskeidingsvermoë gee pad want die engel moet Johannes daarop wys dat hy moet vashou aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. Johannes moet daarop gewys word dat hy God moet aanbid, want dit is die Here Jesus wat die getuienis gelewer het.

Johannes het geweet wat die getuienis was wat die Here Jesus gegee het, maar nogtans moet hy daarop gewys word dat dit die enigste manier van doen is. Hoeveel makliker sal iemand wat die inhoud van hierdie boek nie ten volle ken en verstaan, nie kan verdwaal nie?

Daarin is iets van 'n voorspel van hoe dit met die mense van die eindtyd sal wees. Hulle sal enige wese wat vir hulle magtig lyk, wil aanbid.

In die eindtyd word die Here Jesus se voorspelling van die dinge wat in die kerk gaan gebeur, waar.

- Hy het dit duidelik gesê dat daar in die laaste dae mense in die kerk na vore gaan kom, wat met die Bybel in die hand dwaalleer gaan preek.
- Hulle gaan ook nie geringe mense wees nie, want hulle sal in staat wees om wonders en tekens doen.
- Die Here noem hulle valse christusse en valse profete (Matteus 24:24).

Die skrikwekkende is dat hierdie dwaalleraars groot getalle mense gaan trek. Die geluk is dat die Here beloof dat hulle die uitverkorenes nie sal kan verlei nie. Die Here sê dat hulle al hulle dinge sal doen, "om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei." Hulle sal dus nie regkry om die uitverkorenes 'n rat voor die oë te draai nie.

Die uitverkorenes wat nie val nie, sal net vir een rede suiwer bly, en dit sal wees omdat hulle God se woord ken en verstaan. Al die wat nie 'n werklike diep kennis van die hele Bybel het nie, sal val. Hulle sal na allerhande ander dinge gryp om – soos hulle dink – in hulle geloof voort te gaan.

Sulke mense gryp na allerhande uiterlike dinge, veral uiterlike vertoon. Dink aan die voorbeeld in Johannes 4:48:

Jesus sê toe vir hom: “As julle nie tekens en wonders sien nie, glo julle eenvoudig nie.” (Johannes 4:48 AFR53)

Die duiwel weet presies waar ons swak plekke is, en dit is die plekke wat hy aanval. Hy weet dat die Here mense verwyt dat hulle net glo waar daar wonders en tekens is, en daarom kom doen hy presies dieselfde.

Die Here openbaar in 2 Tessalonisense 2:9 dat die antichris kom volgens die werking van die Satan *met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen* (Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders).

Die punt waaroor dit gaan, is dat onderskei sal moet kan word tussen die waarheid en namaaksels in die geloof.

Die ellende van die saak is dat hierdie dinge aangebied gaan word asof dit suiwer en korrek volgens die Bybel is. Dit gaan ook vanuit die kerk kom: Daar waar mense glo dat hulle die Here aanbid.

Dit is waarom die Bybel in sy slothoofstukke herhaaldelik sê: Aanbid God. Johannes was in die hemel self, en daar moet hy vermaan word om God te aanbid. Hoeveel te meer moet ons nie hier op die aarde daarteen waak om te dink dat ons God aanbid, maar dit dan glad nie (meer) doen nie.

Kyk na enkele gebeurtenisse in die geskiedenis van die kerk waar mense geglo het hulle aanbid die Here, maar Hy het nie daarmee saamgestem nie:

- **Julle moet nie doen net soos ons vandag hier doen nie – elkeen doen net maar wat reg is in sy eie oë** (Deuteronomium 12:8 AFR53) (Moenie doen soos ons nou hier doen deurdat elkeen aanbid waar hy wil nie). tot hier
- 1 Konings 11:2 waarsku dat die Here ons nie toelaat om enige beginsels uit ander godsdienste oor te neem in ons diens aan die Here nie. Die Here gebruik Salomo as 'n voorbeeld. Luister wat sê die Here: Dit was die nasies waarvan die Here vir die Israeliete gesê het: **"Julle mag nie met hulle omgaan nie, en julle mag nie toelaat dat hulle met julle omgaan nie, want hulle sal julle net verlei om hulle gode te aanbid." Salomo het egter juis op hierdie vrouens verlief geraak.**

Daar is natuurlik 'n voorbeeld waar presies die omgekeerde gebeur het. Naäman het tot bekering gekom, maar sy werk het van hom vereis om saam met sy heidense koning in die afgodstempel in te gaan. Toe het hy vir Elisa die volgende boodskap gestuur: **Daar is net een ding wat die Here my asseblief sal moet vergewe: as my koning na die tempel van Rimmon toe kom om te aanbid, en ek hom moet vergesel, en ek dan in**

die tempel van Rimmon aanbid wanneer hy daar aanbid, mag die Here my dit vergewe! (2 Konings 5:18).

Die profeet Jesaja (48:1) waarsku daarteen dat 'n onopregte of skynheilige godsdiens ook die doel mis : **Luister, nageslag van Jakob, julle wat julleself Israel noem en wat uit Juda voortkom, julle wat in die Naam van die Here 'n eed aflê en die God van Israel aanbid, maar nie eerlik en opreg nie;**

U moet weet dat dit vir die duiwel nie net daarvoor gaan dat hy God se troon en mag wil hê nie. Hy soek almal se aanbidding. Hy het die Here Jesus probeer omkoop om hom te aanbid (Matteus 4:9: **Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.**)

Later het die Here Jesus die Satan weer daarop gewys dat God alleen aanbid moet word toe Jesus vir hom gesê het: **Gaan weg, Satan!**

want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien (Matteus 4:10).

Broeders en susters, u moet u Bybels bestudeer. Daar rus 'n geweldige verantwoordelikheid op elkeen om te sorg dat die kerk van die Here suiwer bly tot met die wederkoms. Wat meer is: Elke mens se saligheid is op die spel. Onthou wat die Here Jesus self gesê het toe Hy nog hier op die aarde was:

Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen (Johannes 4:23).

Dit is moeilik, maar nie onmoontlik nie om die Here in Gees en waarheid te aanbid nie. Die kruisdood van die Here Jesus Christus maak dit moontlik dat die wat waarlik glo, sy Gees sal ontvang en God dan in Gees en in waarheid sal aanbid (Johannes 4:24)

Die eis van die Here is dat alle redelike skepsele die Here Jesus moet aanbid. In Hebreërs 1:6 staan daar in die Bybel dat toe God sy Eersgeborene in die wêreld ingebring het, Hy gesê het dat al die engele van God Hom moet aanbid.

Daarteenoor openbaar die Bybel dat al die bewoners van die aarde, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie, die Satan (antichris) sal aanbid (Openbaring 13:8). Dit beteken doodgewoon dat die gelowige mense die Here Jesus ook moet aanbid soos wat die engele die Here Jesus aanbid, anders gaan ons verlore.

Een van die engele waarvan ons lees in die boek Openbaring roep u toe:

En hy het met 'n harde stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het (Openbaring 14:7).

Luister weer na die Here Jesus se laaste boodskap aan die uitverkorenes:

Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester." Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet! Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus! (Openbaring 22:16 – 20).

Opmerking oor die indeling van die boek Openbaring (*Met volle erkenning aan DU RAND, J. 2007. Die A-Z van Openbaring; Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring. Vereeniging:Christelike Uitgewersmaatskappy*):

In die laaste 16 verse van die boek Openbaring is daar verskeie sprekers aan die woord. Hierdie sprekers is die engel wat vir Johannes alles gewys het, Christus self, Johannes en ook die gelowiges.

In die woorde van die sprekers is daar veral twee temas wat sterk na vore tree, naamlik die betroubaarheid van hierdie profetiese boek asook die wederkoms van Jesus wat naby is.

Tussen die inleiding (proloog Openbaring 1:1-8) en hierdie laaste 16 verse (epiloog Openbaring 22:6-21) is daar 'n opvallende parallel:

Proloog (1:1-8)		Epiloog (22:6-21)
1:1	Die openbaring kom van God self	22:6
1:1	Wat binnekort moet gebeur	22:6
1:1-2	Johannes getuig oor die dinge	22:8
1:2	Johannes het dit alles gesien	22:8
1:3	Geseënd is elkeen wat hierdie boekrol lees en gehoorsaam	22:7, 9-10
1:3	Die eindtyd is naby	22:10
1:3	Geseënd is elkeen wat hierdie profesie gehoorsaam	22:7, 10
1:4	Die gemeentes in Asië	22:16
1:3, 6	Die uitdaging aan die gelowiges	22:7, 9, 11, 14, 17
1:7	Kyk, Hy kom op die wolke	22:7, 12, 20
1:8	Ek is die Alfa en die Omega	22:13

Hierdie parallel tussen die begin en die einde van die boek beklemtoon dat die Here en sy opdragte aan die kerke nie verander het nie. Niks van wat in die eindtyd gebeur, kan 'n verandering bring aan dit wat die Here ons God in sy raadsplan vasgestel het nie.

Hierdie laaste 16 verse kan breedweg soos volg ingedeel word:

- Wees gehoorsaam aan die woorde van hierdie boek (22:6-7)
- Die engel se slotwoorde (22:8-11)
- Jesus Christus se slotwoorde (22:12-19)
- Moet niks bylas by of wegneem uit hierdie boek nie (22:18-19)

- 'n Laaste bedde (22:20-21)

Vers 10,11

10 En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. 11 Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.

Johannes kry die opdrag om die boek wat hy sopas geskryf het – die boek Openbaring – nie te verseël nie (met ander woorde: hy moet dit nie met 'n riempie toedraai en vasknoop nie. Ons sou waarskynlik in Afrikaans kon sê: Moenie die boek toemaak nie!

Waarom moet die boek nie toegemaak (verseël) word nie? Omdat dit so tersaaklik is: Die din ge wat in die boek geskryf staan, is reeds besig om te gebeur. Dit is nie 'n boek wat vandat Johannes dit geskryf het tot met die wederkoms van die kerk af losgemaak kan word nie. Die vervulling van alls is baie naby!

Dit is waarom vers 11 elkeen daarop wys dat hy/sy die verantwoordelikheid gaan dra van hoedanig sy lewe is. In hierdie boek word die pad aangewys – as iemand dus nie tot bekering kom nie, gaan hy die ellendes daarvan pluk.

Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. (vers 11)

As iemand dus besig is om met verkeerde dinge besig te wees, moet hy daarmee aanhou, want hierdie boek bevestig die eindpunt van sy dade: vernietiging deur die toorn van die Here. Sulke mense moet net nie dink dat hulle die oordeel wat in die boek Openbaring opgeskryf is, gaan misloop nie.

Daarteenoor moet die wat regverdig en heilig is, ook daarmee aanhou en hulle daarin oefen. Hierdie boek verseker hulle van verlossing en inwoning in die Nuwe Jerusalem. Almal wat in die reg van God en in sy heiligheid kan volhard, leer uit hierdie boek dat daar vir hulle verlossing is.

Elke profesie wat deur die eeue in die hele Bybel opgeteken is, kry die finale vervulling daarvan in die eindgebeure. Hierdie woorde van Openbaring 22:11 is 'n vervulling van Esegël 18:24-28

Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen — sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubleuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe. 25 Tog sê julle: Die weg van die Here is nie reg nie. Hoor tog, o huis van Israel! Is my weg nie reg nie? Is julle weë nie onreg nie? 26 As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen, dan sterf hy ten gevolge daarvan; deur sy onreg wat hy gedoen het, sterf hy. 27 En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen — hy sal sy siel in die lewe behou; 28 hy het dit ingesien en hom bekeer van al sy oortredinge wat hy begaan het; hy sal sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie.

Elke mens kan die boek Openbaring lees en presies weet wat hy kan verwag met die lewe wat hy leef.

Vers 12

En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Hierdie vers is 'n versterking en ook 'n waarskuwing. Vir albei om te gebeur is die tyd besig om uit te loop. Die Here kom gou om elkeen wat volhard het in die geloof en ware aanbidding, met genade te beloon. Dieselfde is ook waar van al die wat onsonde en in ongehoorsaamheid en verset teen God volhard het, met die ewige oordeel te beloon.

Die woord **loon** beteken dat daar by die Here 'n regverdige en direkte straf of genade beskik sal word volgens hoe elke mens op die aarde gelewe het.

Die woorde **my loon is by My**, beteken dat die straf of genade wat die Here gaan beskik, nie uitgestel gaan word om later te gebeur nie. Dit gaan onmiddelik/dadelik gebeur wanneer die Here op die wolke verskyn.

Vers 13

Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

Om alle twyfel uit te skakel oor Wie dit is wat die genade en oordeel gaan voltrek, kondig die Here sy grootheid en sy mag aan.

Hy is **die Alfa en die Omega**.

Dit is die eerste en die laaste letters van die Griekse alfabet. Die eerste letter word in Grieks *alfa* genoem en in plaas van ons z aan die einde, het hulle 'n *omega*. Met ander woorde, alles wat geskryf staan, is God die Eerste en die Laaste.

Dan sê Hy: **Ek is die Begin en die Einde**.

Natuurlik is God die begin en die einde! Hy skape die aarde, en Hy bring die oordeel wat hierdie aarde tot niet gaan maak.

Ek is die Eerste en die Laaste, sê die Here.

God die Vader was eerste van alle dinge daar. Nog voordat die aarde of die engele geskape was, was Hy al daar. Daarom is Hy die Eerste. Maar Hy is ook die Laaste. Hy bestaan tot in ewigheid. Daar is niks wat sy bestaan tot 'n einde kan bring nie.

Vergelyk vir die volledige verklaring van die terme die verklaring by Hoofstuk 1:8. Die verklaring van al hierdie terme, kom in kort neer op die volgende: Dit sluit die volle raad van God in. God self is die allesbepalende rakende tyd en ewigheid, stoflike en geestelike dinge. Die geskrewe en gesproke Woord van God word in sy raadsplan gebruik.

Vers 14

Salig is die wat sy gebooi doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

Hierdie woorde beteken nie dat daar 'n mens of mense sal wees wat in staat sal kan wees om so goed en reg te lewe dat hy/sy daarmee die ewige lewe sal kan verdien nie. Geen enkele mens is in homself sondeloos en rein nie. Vergelyk hiervoor Romeine 3:10

... soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Romeine 3:10

Die Here het ook reeds hierdie saak aan Johannes verduidelik in hoofstuk 7:14, 15
14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. 15 Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.

Die woorde **hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam**, beteken dat hierdie mense die versoeningswerk van die Here Jesus Christus gelowig vir hulleself toegeëien het. Natuurlik beteken dit in die fisiese lewe dat hulle met die sonde gebreek het en dat hulle die wil van die Here gedoen het met alles waartoe hulle in staat was.

Van mense wat op aarde hierdie pad geloop het, sê die Here hierdie woorde: **... sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.**

Adam en Eva is na hulle sonde uit die paradys weggejaag, sodat hulle nie van hierdie boom kon eet nie. Die wat deur die Here Jesus versoen is, en gebreek het met die sonde, kry by die Here toegang tot sy stad en die reg om van die boom van die lewe te eet.

Die parallel is duidelik:

Die sondaars is weggejaag	Die gereddes kry toegang
Uit die Paradys uit	In die Nuwe Jerusalem in
Mag nie van die boom van die lewe eet nie	Het die reg om van die boom van die lewe te eet

Die wat die geboorte van God doen, het meteens deel aan die volle saligheid van die Nuwe Jerusalem

Vers 15

Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.

Hierdie vers is inderdaad 'n herhaling van Openbaring 21:8

Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

Die lysie van diegene wat op geen manier die voordele van die Nuwe Jerusalem gaan deel nie, begin net anders. Dit begin met **honde**. Honde was 'n skeldnaam wat deur die Christene gebruik was vir die heidene. 'n Hond was destyds in die ooste 'n dier wat verafsku was. Daarom word die heidene met honde vergelyk.

Die herhaling van die wat almal in die hel gaan wees, is om die oproep tot bekering en om werklik te glo, soveel skerper te laat indring by die gelowiges.

Die dinge wat alles opgenoem word – **towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars** – is alles dinge wat by valse godsdienste betrek word. Mense wat hiermee besig is, dien nie die lewende God met die ware godsdiens nie.

Daarmee word die laaste gedeelte van die sin verklaar: **en elkeen wat leuens liefhet en doen.**

Valse godsdiens en diens aan die duiwel deur, onder andere, toordery en afgodsdiens te beoefen, beteken dat daardie een wat dit doen, leuens verkondig. Mense soos **towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars** is mense wat nie aan die waarheid gekoppel nie.

Vers 16

Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

Die Here Jesus beklemtoon dat hierdie openbaring wat in hierdie boek opgeskryf staan, van Hom af kom. Hy sê ook dat Hy die openbaring deur bemiddeling van 'n engel aan sy kerk oorgedra het.

Uitdruklik word die adres van hierdie brief ook deur die Here Jesus aangekondig: Die inhoud moet aan die gemeentes betuig word. Letterlik staan daar **voor** die gemeentes. Dit sinspeel op die predikant van elke kerk wat hierdie boodskap van die Here in sy Naam aan die Here se kerk moet oordra.

Die woord wat vir die kerke/gemeentes gebruik word, is **ekklêsia** – wat ten diepste **uitverkorenes** beteken.

Die Here Jesus stel Homself weereens bekend:

- **Ek is die wortel en**

Die feit dat Hy die wortel van Dawid is, verwys na die voorspellings wat die Ou Testament vol is dat die Messias/Christus uit die geslag van Dawid gebore sou word. Dit is die stomp waaruit Hy spruit. Hy is dus die vervulling van die Ou Testamentiese aankondigings oor uit wie Hy sou wees.

Jesaja 11:10 En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees.

Romeine 15:12 En Jesaja sê ook: Die wortel van Isai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop.

Openbaring 5:5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.

- **Die geslag van Dawid,**

Die woord **geslag** beteken: Afstammeling, nasaat.

Die Here Jesus is tegelykertyd Dawid se nasaat en sy Here.

Vergelyk die volgende Skrifuitsprake:

Psalms 110:1 Van Dawid. 'n Psalm. Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.

Matteus 22:42-45 en sê: Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n. 43 Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê: 44 Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? 45 As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun? 46 En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.

- **Die blink môrester**

Die Here Jesus is die Aankondiger van die ewigheid by God. Hy kondig die dagbreek van God se ewige koninkryk aan soos wat die môrester die koms van die dagbreek aankondig.

Terselfdertyd kondig Hy ook die eerste lig van ons verlossing aan!

Vergelyk hiermee saam die volgende Skrifgedeeltes:

Numeri 24:17 Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver.

2 Petrus 1:19 En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte;

Openbaring 2:28 En Ek sal hom die môrester gee.

Vers 17

En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

As die Môrester aan die hemel sit, is die dag nie meer ver nie. Daarom staan daar kort-kort in die laaste Bybelhoofstuk *die tyd is naby*.

Kom!

Die Gees en die bruid roep die woord saam uit. Die Heilige Gees werk in die gemeente. Hy werk die geloof, gehoorsaamheid en die vertrouwe in die kerk van die Here. Dink hiervoor aan dit wat in Johannes 6:63 geskryf staan:

Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

En ook in Romeine 8:26 , 27:

En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. 27 En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.

Die Bruid is die kerk. Deur die kragtige inwerking van die Heilige Gees in die kerk, het die kerk die innige behoefte om deur die Here Jesus volmaak gemaak te word – om heilig in die Hiernamaals ingelei te word.

Die dagbreek is hier. Die dag van die Here waarvan die Bybel herhaaldelik leer is baie naby aan ons. Die dag wanneer die Here Jesus kom om almal te vergeld. Die dag wanneer vergewing van sondes vir die moedswilliges verby is. Die dag wanneer dit te laat is vir bekering.

Terwyl ons die insig in die raad van God het, wat doen ons omtrent die koms van die dag? Ware gelowiges hoef nie in paniek neer te val by die gedagte aan die koms van die dag van die Here nie. Vir die wat in Jesus Christus lewe, kom hierdie dag nie tot oordeel nie, maar tot verlossing. Dit is ook nie nodig om daaroor te twyfel as die duiwel met sy aanslae twyfel in hulle wil werk nie.

Die Heilige Gees roep Jesaja 55:1,2 op waar daar geskryf staan:

O almal wat dors het, kom na die water; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja kom koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk.

Die gereddes kan die hemelse gawes van God nuttig sonder enige verdienste van hulle kant af, omdat Christus vir hulle 'n loon in die hemel weggeleë het.

Die tyd is skaars, maar die wat volhard in die geloof vrees nie die dag van die Here nie, want as die Here kom om elkeen te beloon volgens sy werke, sal hulle beloon word met die ewige lewe, omdat Christus hulle sal beloon vir sy eie verdienste wat Hy vir hulle volbring het.

Daarom, waak en bid vir hierdie dag, want Christus kom en sy loon is by Hom, om elke mens te vergeld soos sy werke is.

Vers 18, 19

Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. 19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Uit die eerste gedeelte van vers 20 word dit duidelik dat die Here Jesus aan die woord is. Om die waarheid en egtheid van die boek Openbaring te bevestig, noem Hy dit **die woorde van die profesie van hierdie boek.**

Die boek Openbaring moet ongeskonde oorgedra word. Niemand mag iets byvoeg of wegneem nie. Die Here Jesus verklaar dat enige iemand wat iets by hierdie boek gaan byvoeg of wegneem, presies dieselfde straf gaan ontvang as waarmee die Here Egipte destyds gestraf het toe Hy die tien plaë oor hulle laat kom het.

Di ergste is dat die Here so 'n persoon se naam gaan verwyder uit die Boek van die lewe. Daardie persoon gaan ook geen toegang hê tot die Nuwe Jerusalem nie.

Die Here maak daarmee sy oordeel heeltemal duidelik” As iemand hierdie evangelie hoor, en dit verwerp, gaan hy hel toe. Die Here het dan geen genade met hom nie.

Vers 20

¶ Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!

Weer 'n keer bevestig die Here Jesus dat Hy gou kom. Baie sterk beklemtoon die Here dit wat Hy sê met die woord: **Ja**.

Om nog 'n keer te bevestig dat dit nie 'n mens is wat praat nie, openbaar Hy die Een wat aan die woord is: **Hy wat dit getuig**. Die Een wat die getuienis van al die dinge aan Johannes gee, is die Here Jesus. Hierdie verklaring word dus nie deur 'n mens uitgereik nie. God reik dit uit.

Johannes is baie bly oor hierdie aankondiging van die Here. Daarom sluit hy by die Here se aankondiging aan en roep hy uit: **Amen, ja kom, Here Jesus!**

Die **Amen!** is om sy vaste geloof aan die waarheid van dit alles wat die Here geopenbaar en gesê het, vas te maak.

Vers 21

Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.

Die Here groet sy kerk met sy seën. Daarmee sluit Hy sy openbaring aan die kerk op die aarde af. Julle almal is die heilige algemene Christelike kerk van die Here op die aarde. Dis die volle kerk wat aanstons die bruilof van die Lam gaan bywoon en wat deur die poorte van die Nuwe Jerusalem in die ewige stad gaan instap.

Die boek sluit af met 'n laaste versekering van die waarheid en egtheid van alles: **Amen**.

Bronnelys:

1. Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling. Bewerkt door Prof. Dr. G. CH. Aalders; Prof. Dr. C. Van Gelderen; Prof. Dr. S. Greijdanus; Prof. Dr. F.W. Grosheide; Prof. Dr. A. Noordzij; Prof. Dr. J. Riddbos en andere Gereformeerde Theologen. (Daar is veral gekonsentreer op: De Openbaring des Heren aan Johannes. Door S. Greijdanus.).
2. Bijbel, de geheele Heilige Schrift, bevattende al de boeken van het Oude en Nieuwe Testament, (volgens de Staten-overzetting) met in den tekst ingelaschte verklaringen, en aanmerkingen van de beroemdste Godgeleerden uit alle tijden, door F.P.L.C. van Lingen, Director van de Gymnasium te Zetten. Naar het Hoogduitsch van K Aug. Dächsel. Bevattende Hebreën – Openbaring aan Johannes.
3. Ek het ook soms gebruik gemaak van Bybelstudie aantekeninge op die boek Openbaring wat deur ds. C.C.A. Vrey van die Gereformeerde Kerk Bellville uitgewerk is gedurende 2011.
4. Etlieke artikels wat verskyn het in Die Kerkblad is ook gebruik.
5. Die Boek Openbaring. 'n Oorsig oor die 22 hoofstukke. V.E. d'Assonville sr.
6. DU RAND, J. 2007. Die A-Z van Openbaring; Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring. Vereeniging: Christelike UitgewersmaatskappyHandboek Bybelse Geskiedenis. Die Ou Testament. J.H. Kroeze.
7. Handboek Bybelse Geskiedenis. Die Nuwe Testament. Prof. Dr. E.P. Groenewald.